

30 November

Skrifgedeelte: Openbaring 3:7-13
Fokusgedeelte: Openbaring 3:10

Ek sal julle ook vashou

Een of ander tyd kom daar 'n beproewing op jou pad. Jy beleef 'n teleurstelling wat jou voete byna onder jou uitslaan: onverwags sterf jou man of vrou of kind. Die dokter sê jy sal daardie operasie wat jy so lank al vermy, net eenvoudig móét ondergaan. Jou lewensmaat kry 'n hartaanval en sy/haar lewe hang aan 'n draadjie. Jy het al jou aardse goed verloor. By dit alles is jou geloof in God ook aan die wankel. Dis nie dat jy nié glo nie – maar jou geloof voel so vlak.

En dan kom praat 'n goeie vriend of medelidmaat jou moed in. Jy kry hulp en ondersteuning uit baie oorde. Jy voel inderdaad beter. Maar méér as dit gebeur elke dag, elke oomblik van jou lewe met jou. Deur al die laagtepunte heen was *ook die Here* tree vir tree by jou. En veral dit maak saak. Christus sê – en dit is 'n onfeilbare belofte van die lewende God self: “Ek sal julle ook vashou in die tyd van beproewing ...” (Openb. 3:10).

Met soortgelyke beloftes verseker die Here ons dat Hy by ons is: “Moenie bang wees nie, Ek is by jou, moenie bekommerd wees nie, Ek is jou God. Ek versterk jou, Ek help jou, Ek hou jou vas, met my eie hand red Ek jou” (Jes. 41:10). “As jy deur water moet gaan, is Ek by jou, deur riviere, hulle sal jou nie wegspoel nie; as jy deur vuur moet gaan, sal dit jou nie skroei nie, die vlamme sal jou nie brand nie” (Jes. 43:2).

Jy kan elke dag ingaan met die sekerheid: *Jy is nooit alleen nie*. God is by jou dáár waar jy by jou dierbare se graf staan. God is by jou dáár waar jy op die punt staan om geopereer te word. God is by jou wanneer jy voel of jou geloof in Hom jou in die steek gelaat het. Hy sal nooit as te nimmer sy rug op jou draai nie.

Sing: Skrifberyming 43:1, 2

Dr. AH Grové (Emeritus)